Biosekuriteits-module BSM21

OUDITFUNKSIES VAN DIE PLAASOUDITGROEPE

DOELWIT

Om duidelike riglyne uit te stippel wat gevolg moet word tydens die stigting van plaasouditgroepe, ouditprosedures wat gevolg moet word tydens die ondervoering van oudits en die aspekte wat in die oudits van alle geregistreerde volstruisplase ingesluit moet word.

AGTERGROND

'n Aantal verskillende ouditvlakke word voorgestel. Eerstens moet die primêre ouditfunksie gebaseer wees op 'n vorm van self-oudit wat deur geregistreerde plaasouditgroepe gedoen moet word. Tweedens moet 'n onafhanklike eksterne oudit minder gereeld (een of twee keer per jaar) deur 'n professionele onafhanklike ouditgroep gedoen word. Derdens moet die Provinsiale Staatsveearts (of sy verteenwoordigers) 'n verpligte jaarlikse oudit doen as deel van die jaarlikse herregistrasie van plase. Hierdie BSM behandel die eerste vlak van oudit deur die plaasouditgroepe om voldoening aan BSM's 01, 05, 10 en 11 te oudit.

PLAASOUDITGROEPE

Alle geregistreerde volstruisplase moet aan 'n geregistreerde plaasouditgroep behoort en elke plaasouditgroep moet uit tussen vyf en tien lede bestaan.

Die registrasie van 'n plaasouditgroep word gedoen deur Vorm BSM21/003 in te vul en die voltooide vorm by die SAVBK in te dien, wie die plaasouditgroep van 'n ouditgroepregistrasienommer sal voorsien. Belangrike vereistes waaraan voldoen moet word tydens registrasie van 'n plaasouditgroep, is:

1. Geregistreerde plase moet vrywillig in plaasouditgroepe van nie minder as vyf (5) plase en nie meer as tien (10) plase nie, gegroepeer word, met die beperkende voorwaardes dat elke plasouditgroep ten minste drie (3) afsonderlike onverwante eienaars moet hê (bv. 'n enkele eienaar van vyf plase kan nie 'n plaasouditgroep van sy eie plase vorm nie) en elke plaas in die plaasouditgroep in dieselfde provinsie geleë moet wees.
2. Elke geregistreerde volstruisplaas moet aan 'n geregistreerde plaasouditgroep behoort. 'n Plaas wat nie aan 'n geregistreerde plaasouditgroep behoort nie, kan nie as 'n volstruisplaas registreer word nie.
3. Na ontvangs van vorm BSM21/003 sal die SAVBK die vorm voltooi deur 'n registrasienommer aan die plaasouditgroep en vervaldatum uit te reik. Die voltooide BSM21/003 vergesel van sy registrasienommer sal dan teruggestuur word aan die leier van die plaasouditgroep, wat dan 'n afskrif aan elke lid van die plaasouditgroep moet gee.
4. Indien 'n lid van 'n plaasouditgroep besluit om die groep te verlaat, moet Vorm BSM21/003 dadelik heringedien word by die SAVBK met die gewysigde lys van lede en 'n nuwe amptelike registrasienommer vir die nuwe plaasouditgroep sal uitgereik word.
5. Die plaas wat aan die plaasouditgroep onttrek, moet óf by 'n ander groep aansluit (wat ook 'n nuwe BSM21/003 moet indien om die nuwe lid in te sluit) óf die plaas moet met onmiddellike inwerkingtreding gederegistreer word as 'n volstruisplaas.
6. Vorm BSM21/003 vereis dat alle lede in die plaasouditgroep die plaasnaam, naam van die plaaseienaar, registrasienommer van die plaas, plaasklassifikasie (ten opsigte van BSM01) en die handtekening van die plaaseienaar aantoon.
7. Die eerste lid wie se naam op die vorm verskyn, sal as die leier van die plaasouditgroep geag word en sal opleiding oor die verskillende BSM's en die ouditproses ontvang. Daar word van die groepleier verwag om dan die ander lede van sy/haar plaasouditgroep op te lei.
8. Vorm BSM21/003 sluit ook 'n afdeling in waar die beplande skedule van plaasoudits vir die volgende 12 maande aangedui word, asook 'n verdeling van verantwoordelikhede vir elke lid oor watter plaas hy/sy elke maand sal oudit. Die skedule sluit 'n ooreengekome ouditsluitingsdatum in wat aandui teen watter datum elke plaasouditvorm (Vorm BSM21/004) by die SAVBK ingedien moet word. Die toedeling van ouditeure aan elke plaas moet op rotasie-basis gedoen word en geen ouditeur mag 'n spesifieke plaas her-oudit totdat al die lede van die Ouditgroep ook reeds daardie plaas geoudit het.
9. Geen persoon mag 'n plaas oudit waar hy of sy enige eienaarsbelang of enige direkte familieverbintenisse met die eienaar het nie.
10. Elke plaaseienaar moet die ouditeur van inligting voorsien wat hy/sy versoek en mag nie die ouditeur tydens die ouditproses hinder of verhinder nie.
11. Dit is die aangewese ouditeur se verantwoordelikheid om die volledig voltooide plaasouditverslag (Vorm BSM21/004) voor die sluitingsdatum by die SAVBK in te dien, soos hierbo gespesifiseer. Indien dit nie nagekom word nie sal dit as 'n oortreding deur die Ouditeur geag word.
12. Indien die ouditeur nie in staat is om sy/haar ouditfunksie te verrig as gevolg van aksies/obstruksies deur die eienaar van die ouditplaas (of sy verteenwoordigers) nie, sal stappe teen die eienaar van die ouditplaas geneem word.
13. 'n Plaasouditgroep mag 'n eksterne ouditeur aanstel om die oudits namens een of meer lede van die groep te behartig. Die individuele lede van die groep bly egter verantwoordelik

om toe te sien dat die vereistes van BSM21 volledig nagekom word en die sanksies sal steeds toegepas word sou die eksterne ouditeur nie sy/haar pligte uitvoer volgens hierdie BSM21 nie.

OUDITPROSEDURES

Die ouditskedule, soos uiteengesit in die goedgekeurde BSM21/003, moet nagekom en die maandelikse plaasouditverslae by die SAVBK ingedien word volgens die ooreengekome sluitingsdatums.

14. Elke plaas moet deeglik rekord hou van die getal volstruise per kamp sodat hierdie rekords deur die ouditeur geoudit kan word. Die vereiste inligting moet in die Maandelikse Volstruis Location Register (Form BSM21/006) aangeteken word.

15. Die ouditeur moet die oudit uitvoer deur die plaasouditverslag (Vorm BSM21/004) volledig te voltooi.

16. Indien die eksterne oudits, uitgevoer deur onafhanklike ouditeure, of die provinsiale of nasionale Veeartsenykunde-departemente fout vind tydens die oudits, sal alle lede van die ouditgroep gesamentlik ondersoek word om die oorsaak van die fout te bepaal. In so 'n geval moet die betrokke provinsiale staatsveearts (PSV) 'n dringende vergadering met alle lede van die plaasouditgroep reël om die probleme te bespreek. Gepaste stappe mag kollektief teen een of meer van die plase in die plaasouditgroep geneem word volgens die bevindinge van die betrokke PSV. Die volgende moet in gedagte gehou word tydens die bepaling van die gepaste stappe wat geneem moet word:

    - Indien volgehoue foute in die oudits uitgevoer deur 'n spesifieke ouditeur, gevind word, moet die gepaste stappe verkieslik teen die betrokke ouditeur geneem word.
    - Indien foute gevind word in oudits uitgevoer deur verskillende ouditeure en op verskillende plase, moet die gepaste stappe teen alle lede van die plaasouditgroep geneem word.
    - Indien daar bevind word dat lede van 'n plaasouditgroep saamwerk om substandaard- of foutiewe oudits uit te voer, mag die gepaste stappe, in die ergste geval, tot die deregistrasie van al die plase in die ouditgroep lei.

OUDIT STATUS VAN PLAAS

Voorsiening word gemaak om erkenning te gee aan plase wat deurlopend voldoen aan alle aspekte van die oudit. Alle plase sal aanvanklik geklassifiseer word met 'n Brons status. Brons status plase wat 3 opeenvolgende skoon oudits voltooi met geen nie-voldoening sal na Silwer status opgehef word. Silwer Status plase wat 3 opeenvolgende skoon oudits voltooi met geen nie-voldoening sal na Goud status opgehef word. Enige oudit wat 'n nie-voldoening uitwys sal die gevolg hê dat die plaas se status verlaag sal word, i.e. Goud sal na Silwer verlaag word en Silwer sal na Brons verlaag word.

Die frekwensie van oudits sal verskil afhangend van die oudit status van die plaas soos volg:

Brons Oudit Status: moet maandeliks geoudit word

Silwer Oudit Status: moet elke tweede maand geoudit word

Goud Oudit Status: moet elke derde maand geoudit word

Plase wat as hoë risiko plase geklassifiseer word mag moontlik tot 'n vlak van Brons Oudit Status beperk word.

OUDIT RESULTATE

Voltooide plaasouditverslae moet by die SAVBK ingedien word op die datums soos in die goedgekeurde BSM21/003 skedule uiteengesit. Die gevolge van nie-nakoming soos in die plaasouditverslae aangeteken sal in VPN04 uiteengesit word.

Die Oudit Plaas moet afskrifte van die plaasouditverslae vir minstens 5 jaar hou.

NOTAS: Hierdie BSM21 moet tesame met die volgende vorms gebruik word:

Vorm BSM21/003: Plaas Oudit Groep Registrasie

Vorm BSM21/004: Plaas Oudit Verslag

Vorm BSM21/005: Maandelikse Volstruis Register

Vorm BSM21/006: Maandelikse Volstruise Location Register